IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA Ass. 2

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-02-27

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 183

(Bladsye 9 449 - 9 499)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 27 FEBRUARIE 1987.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, v.o.e. (Deur tolk)

MR TIP : My Lord, may I mention two matters relating to the accused. The first is that accused no. 10, Mr Vilakazi, is still in hospital and according not in court today and secondly pursuant to a note from the medical officer at Modderbee there has been a request for accused no. 17 to consult the district surgeon at Delmas. Subject to Your Lordship's approval that has been arranged for the tea adjournment at 11h00. It might mean that he may be a few minutes late after we resume. Would that be in order?

COURT : Yes, that is in order, thank you.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Mnr. Ramakgula, ons was besig met BEWYSSTUK T19.

HOF : Net vir duidelikheid, die dokument het as opskrif Vaal Civic Association, VCA. Dit is ŉ verslag van 22 Februarie 1984. Dit is die tweede laaste dokument.

MNR. FICK : Kan u verklaar waarom hier weer aan die UDF gerapporteer word dat daar ŉ komitee in Gebied 7 was wat hierdie vergadering van 19 Februarie 1984 gereël het terwyl u sê dit was indiwidue, dit was geen formele komitee nie? -- Ek het gister alreeds gesê ek was nie by toe hierdie verslag opgestel was nie. Ek het dus geen verduideliking daarvoor nie, want ek was nie teenwoordig nie.

Kan u betwis dat op 19 Februarie 1984 se vergadering was een van die aspekte wat daar bespreek was die kwessie van hierdie minibusse wat van 4 Maart af ingestel sou gewees het in die Swartwoongebiede? -- Bedoel u by die stigting van die komitee van Gebied 7?

Daardie vergadering? -- Nee, daar bestaan nie so iets

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

Ek sal later weer terugkom daarnatoe.

HOF : Kan ek net dieselfde stelling nou vir u voorlees. By die vergadering van 19 Februarie "one of the burning issues was the introduction of mini buses which have to start on 4 March." Is daardie stelling reg of is die ste verkeerd? -- As dit met betrekking is tot die vergadering van die stigting van komitee van Gebied 7, dan is dit nie korrek nie.

MNR. FICK : Sou daar op 4 Maart 1984 minibusse ingestel gewees het in die Swartwoongebiede? -- Ek weet nie daarva nie. Ek kan nie onthou van wanneer af sou hulle dit gebr het nie of dit ingebring het.

Kom ons los die datum. Is daar in 1984 sprake gewee dat minibusse ingestel sou gewees het in die Swartwoongeb -- Ja, daar was so 'n gesprek gewees.

En was daar ontevredenheid onder die Gebied 7 se men oor die instelling van hierdie minibusse? -- Wat dit betr het dit te doen met die taximense. Dit is aangaande die vervoer.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Die klagte was nie klagte van die publiek, want dit sou hulle eintlik gehelp het, maar 'n klagte van die eienaars van die taxi's want h sou kompetisie kry. Is dit wat u sê? -- Die taxi-eienaar vorm 'n gedeelte van die inwoners daar. Dit wil sê 'n gede van die gemeenskap en die minibusse wat hulle daar sou in bring het, sou die taximense se besighede benadeel het. die gevolg dit het met hulle te doene gehad as 'n gedeelte van die gemeenskap. Dit is nou die taximense.

Maar sou die minibusse nie tot voordeel gewees het

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van ŉ ander deel van die gemeenskap nie? -- Nee, beslis nie. Kyk, hier is nou huurmotoreienaars wat ook die deel van die gemeenskap vorm. Hulle taxi's word nou verminder omdat daar minibusse moet inkom. Dit is nou reeds een van die dinge wat nie aanvaarbaar is nie. Dit help nie, want daardie mense gaan benadeel word.

Ja, maar sou die minibusse nie goedkoper tariewe hê as die taxi's nie? -- Nee, hulle het nog nie gesê hoeveel dit gaan kos per rit met die minibusse nie. Al waarvan ons geweet het was die minibusse se dienste sou beskou word as spesiale dienste. Nou, ŉ ding wat spesiaal is, wat my betref, is net so duur soos enige ander ding.

MNR. FICK : Was hierdie kwessie van die minibusse glad nie bespreek op die vergadering van die 19de nie of kan u nie onthou dat dit bespreek is nie? -- Dit was glad nie bespreek nie. Al wat daar bespreek was was die stigting van die komitee.

Dan ŉ volgende aspek, kalenders wat uitgegee is deur UDF. Het u komitee in Gebied 7 enige van die kalenders van UDF aangekoop of ontvang om te versprei? -- Die dag van die stigting van Gebied 7 se komitee was daar geen kalender gewees wat ontvang was van die UDF nie, hetsy deur te koop of gegee te word.

HOF : Net so ŉ oomblik. Beperk u u vraag net tot die stigtingsdag of beperk u - dek u vraag die hele tydperk waarvan die getuie kennis dra?

MNR. FICK : Ek sal eers vra tot die stigtingsdag.

HOF : Laat ons net die vraag herformuleer dan.

MNR. FICK : Op die dag wat die Gebied 7 areakomitee gestig is, tot daardie dag, was daar enige UDF kalenders ontvang

vir/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vir verkoop of verspreiding deur u groep mense wat hierdie vergadering gereël het? -- Ek het dit nie gesien nie.

En na die stigting van die areakomitee het u komitee of sy lede UDF kalenders ontvang om te verkoop of te versprei of het julle dit vir julle self aangekoop? -- Watter komitee praat u nou van?

Gebied 7 se komitee? -- Ek het nou net vir die Hof gesê daar was geen kalender ontvang op enige manier deur die komitee van Gebied 7 nie.

ŉ Volgende aspek was daar in die tydperk van hierdie stigtingsvergadering 19 Februarie 1984 enige sprake daarvan dat die Administrasieraad het gedreig dat hulle die kerke sal hulle ooreenkomste kanselleer as hulle die kerke toelaat dat die kerke gebruik word vir nie-godsdienstige doeleindes? -- U moet dit vir my verduidelik spesifiek van watter dag praat u en watter tydperk dek dit sodat ek kan verstaan voor ek antwoord.

Die tydperk tot 19 Februarie 1984 toe hierdie komitee gestig is, was u bewus van enige sulke sprake dat die Administrasieraad gedreig het om die kerke se huurooreenkomste te kanselleer as hulle die kerke gebruik vir nie-godsdienstige doeleindes? -- Ek kan onthou dat in daardie jaar, dit is 1984, was daar sulke sprake gewees oor die kerke wat nie moet toelaat dat mense vergaderings hou in hulle geboue nie, maar wanneer presies dit was, kan ek nie sê nie. Ek weet nie wanneer dit gesê was nie.

Tot, die tydperk tot en met die stigting van hierdie Gebied 7 areakomiteevergadering, het u kennis gedra van ŉ kampanje bekend as die MSC? Die "Million Signature Campaign? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het u geweet van enige kampanje waar daar 'n klomp handtekeninge op lyste bymekaar gemaak moes geword het deur die VCA namens UDF? -- Ek het nie daarvan geweet nie.

Het u geweet dat daar gedurende 1984 'n "People's Festival" aangebied word deur UDF? -- Ek weet nie daarvan nie.

Ek wil nou oorgaan na 'n aspek waaroor u gister getuig het. Dit is die geval van die kinders. Ek wil net een ding aan u stel. Was dit nie 'n geval van hierdie ouers wat na die skool toe gegaan het, die mense wat na die skool toe gegaan het nie, dit was kinders wat reeds 'n tweede keer gedruip het? -- Ek praat van my kind waarvoor ek verantwoordelik was. Dit het net een keer gedruip. Ek praat nie van ander mense se kinders nie.

Dan wil ek verder aan u vra ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Kan ek net hieroor iets vra. Het dit nie ook te doen gehad met 'n ouderdomsbeperking nie? -- Nee, ek weet niks van die ouderdomsbeperking nie. Al wat ek van geweet het was dat die kind van die skool af weggejaag is omdat die kind gedruip het.

<u>MNR. FICK</u> : Die kind het einde 1983 gedruip. Is dit reg? -- Ja, dit is reg, dit was einde 1983 want ek was soontoe in 1984.

Het u nie einde 1983 'n kennisgewing gekry vanaf die skool om te sê u moet die skool kom spreek nie? -- Einde 1983?

Ja, nadat dit bekend geword het u kind het gedruip? -- Dit gebeur nooit. Ek het nog nooit daarvan gehoor dat as 'n kind gedruip het, dan word die ouers genooi om na die skool toe te gaan nie.

Kom ons stel die posisie so aan u. Is dit nie dat

as/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

as ȟ kind twee maal gedruip het, dan word daar ȟ brief geskryf vir sy ouer om skool toe te kom nie en as die ouers nie reageer op die brief nie, dan al wat die skole doen om die ouers by die skool te kry, is hulle weier die kinders dat hulle verder skool moet bywoon, ten einde die ouers te oorreed om skool toe te kom. Is dit nie wat hier gebeur het nie? -- Nee, nee, nee, kyk, ek sê dit van gister af. As my kind een maal gedruip het en ek is na die skool toe omdat die kind weggejaag was na die kind een maal gedruip het en ek het nog nooit ȟ brief gekry van die skool af nie waar hulle my genooi het om die hoof van die skool te kom spreek nie. Dit het nooit gebeur nie.

HOF : Is dit nie moontlik dat jou kind die brief moes bring en nie aan jou oorgegee het nie? -- As die kind dit nie vir my gegee het nie, aan wie het die kind dit gegee?

Dit lê dalk onder in die asblik? -- Nee, dan is my kind baie betroubaar. Dit kan nie so wees nie.

Ek het al gehoor dit het met rapporte gebeur? -- Dan weet die kind miskien wat in daardie rapport gebeur het.

Definitief. Ek wil vir u net dit vra. Is daar ȟ posafleweringsdiens? As die skool aan u ȟ brief sou pos, wat sou met die brief gebeur? -- As dit gepos is, ek het ȟ posbussie daarbuite. Die mense met die trapfietse wat aflewerings doen, gooi my briewe daar in.

MNR. FICK : Ek wil nou oorgaan na ȟ ander aspek. Die persone wat gereël het vir hierdie vergadering van 19 Februarie, was Dorcas Raditsela onder hulle? -- Herhaal dit? Wat sê u van die mense?

Was Dorcas Raditsela onder die mense wat gereël het vir die vergadering van 19 Februarie? -- Maar ek het hier

vir/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vir die Hof geṣê wie almal betrokke was met die voorbereidings vir hierdie vergadering en ek het geen melding gemaak van Dorcas se naam nie. Dit beteken dus dat omdat ek haar nie genoem het nie, was sy nie een van die mense wat deelgeneem het nie.

Maar u geheue is so besonder swak vir my oor die vergaderings en wat gebeur het. Het u nie dalk vergeet daarvan nie? -- Verwag u 'n antwoord op daardie vraag of het u net vir my gesê wat is u gevoel?

Nee, ek vra vir jou? -- Kyk, as u verwag dat ek moet sê Dorcas was by gewees, dan praat u nie die regte ding nie. U is buite ver van die waarheid af. Ek het Dorcas leer ken na dit en was sy daar gewees, sou ek vir hierdie Hof gesê het dat hierdie persoon wat ek later leer ken het as Dorcas was ook by gewees, maar ongelukkig was sy nie daar nie.

Uiteindelik op 19 Februarie was daar bestuurslede gekies en u kan nie almal se name vir die Hof gegee het nie? U kon nie almal onthou het nie. Is dit korrek? -- Wat op die komitee gekies was?

Ja? -- Ja, u is reg.

As ek nou u geheue vir u in hierdie opsig verfris en vir u vra was een nie dalk Edward Motubatsu nie, wat sal u sê? -- Ek sal saamstem.

Nou dat u herinner is van sy naam, sal u nie ook saamstem dat hy ook een van die mense was wat gereël het vir die vergadering van 19 Februarie nie? -- Ek sal dit nie betwis nie, want ek het hom al gesien toe ons die voorbereidings gedoen het.

Wat het hy gedoen? Wat was sy taak? -- As 'n enkele persoon sal ek nie vir die Hof kan sê wat sy taak was nie.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan u nie onthou nie? -- Dit is nie ŉ kwessie van dat ek nie kan onthou nie. Ek sê ek weet nie van dinge wat hy alleen gedoen het waar hy was as ŉ persoon, dinge wat hy miskien as voorbereiding vir hierdie vergadering beskou nie. Waar ek nie by was nie, sal ek nie vir die Hof kan sê nie. Ek weet wel van die dinge wat hy saam met ons as ŉ groep gedoen het.

Wat is dit? -- Ek het gister vir hierdie Hof gesê ons het ooreengekom dat ons voorbereidings moet doen vir die stigting van die komitee en die voorbereidings het die pamflette ingesluit. Dit is die voorbereiding van pamflette.

Maar het u nie plakkate in elk geval gemaak vir die vergadering van 19 Februarie om dit te adverteer nie? -- Het ons enige plakkate gemaak sou ek vir die Hof gesê het dat ons plakkate gemaak het, maar ek het hier vir die Hof net vertel van een ding. Dit is die pamflet en ek was duidelik daaromtrent dat ek praat van ŉ pamflet.

HOF : Hou nou net mooi in gedagte dat ons nie besig is met ŉ lekker stryery in hierdie hof nie. Dit vat verskriklik tyd en dit bring ons nêrens nie. Die vrae wat gevra word en wat geantwoord kan word met ja of met nee, moet jy met ja of nee antwoord. Moenie vir my kom vertel jy het dit al gesê nie. Ek onthou goed dat jy dit al gesê het en as ŉ vraag nie met net ja of net nee beantwoord kan word nie, kan u dit kwalifiseer, maar probeer om dit met ja of nee te beantwoord as u kan. -- Ek is baie dankbaar vir die hulp wat die Hof my gegee het. Ek sal u sê, die vrae wat ek op hierdie manier antwoord, is vrae wat ek alreeds vroeër met ja of nee geantwoord het. Dit is hoekom ek nou voel ek moet dit verder breedvoerig antwoord, maar as dit die geval is

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat dit genoeg is as ek dit met ja of nee antwoord, dankie, ek sal maar so sê.

MNR. FICK : Die Freedom Charter, het u al van hierdie dokument vroeër gehoor? -- Ek het nie daarvan gehoor nie.

HOF : Tot vandag? -- Ek het daarvan gehoor toe mnr. Bizos 'n getuie daaromtrent gevra het wat hier in die getuiebank gestaan het. Dit is die tyd wat ek daarvan gehoor het.

MNR. FICK : Voor die vergadering van 19 Februarie het julle besluit wie julle graag wil hê as voorsitter van Gebied 7 uiteindelik? -- Nee, daar was nog nie besluit daaromtrent nie.

Dan gaan ons nou oor na die vergadering van die 19de self. Hoe laat sou hierdie vergadering begin het? -- Dit moes om 14h00 begin het.

Het dit om 14h00 begin? -- Die tyd was 14h00 gewees wat die vergadering moes begin het. Of die vergadering presies om 14h00 begin het of na 14h00, dit kan ek nie sê nie, want ek het nie na die horlosie gekyk om presies te sien hoe laat dit was toe dit begin het nie.

Het u alleen by die vergadering aangekom of was u saam met iemand? -- Ek was alleen.

En die vergadering was nog nie in aanvang toe u daar opgedaag het nie? -- Sover ek onthou het die vergadering nog nie in aanvang geneem nie.

Wat was besig om te gebeur toe u in die gebou in stap? -- Ek kan nie meer onthou wat daar besig was om te gebeur nie.

Was dit 'n deurmekaarspul, het die mense gesing, was daar 'n doodse stilte? -- Ek sê ek kan nie meer onthou nie, maar dit kan wees dat hulle gesing het, want my mense as hulle bymekaar is, hou hulle daarvan om te sing.

Toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Toe u by die kerk aankom, het u enige plakkate gesien by die kerk wat die vergadering adverteer? -- Daar was nie plakkate gewees nie, ons het net pamflette gemaak.

In die saal self was daar enige baniere of pamflette of plakkate oor enige ander onderwerp, behalwe die advertensie van die vergadering? -- Kyk, die Hof het my nou net aangeraai om met ja of nee te antwoord. Nou bring u my terug na daardie antwoorde van my waar ek nou vir u moet sê ek het alreeds gesê daar was geen plakkate gewees nie.

Nee, u het vir my gesê sover u het nie plakkate gemaak nie, u het nie plakkate buite die kerk gesien nie. Nou vra ek vir u binne die kerk, was daar plakkate wat iemand anders dalk daar aangebring het, die UDF of ander organisasies? -- Ek het nie plakkate daar binnekant gesien nie en ek het ook nie mense van UDF gesien nie, want hulle was nie aan my bekend nie.

Toe u daar by die kerk aankom, was daar enigiemand wat besig was om pamflette uit te deel? -- Ek het nie daardie persoon gesien nie.

Was daar enige boeke of tydskrifte of koerante te koop aangebied by die kerk? -- Ek het nie tydskrifte gesien of iets in die vorm van ŉ boek nie. Al wat ek daar gesien het was iets soos ŉ koerant wat op die tafel was.

Die iets wat u van praat, is dit nou een koerant of ŉ klomp goed wat u daar gesien het, ŉ stapel? -- Ek kan nie onthou of die goed baie was nie, maar ek het iets gesien soortgelyk aan ŉ koerant.

Waar was die tafel? Was dit nou waar ŉ mens ingekom het of is dit op ŉ verhoog voor of waar was dit? -- Dit was ŉ tafel net voor die verhoog.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Kan u my net sê, hoeveel deure het hierdie saal, toegangsdeure? -- Een.

MNR. FICK : Het u gesien terwyl u daar by die vergadering was of enige mense van daardie wat u koerante noem geneem het? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

Toe u daar inkom, was daar persone al op die verhoog? -- Daar was al wel mense gewees daar. Ek kan nie meer presies onthou of daar mense op die verhoog was nie.

Het u enige van die persone wat hierdie vergadering gereël het daar raakgeloop toe u by die kerk aangekom het? -- Ja, daar is van die mense wat ek geken het.

Wie? -- Ek sal hulle nie by name nou kan onthou nie, maar ek onthou dat ek wel van die mense daar gesien het saam met wie ons die voorbereidings gemaak het vir hierdie vergadering.

Het u met enigeen van hulle gepraat voor die vergadering? -- Ja, dit is 'n gewoonte dat mense maar sal gesels as hulle mekaar raakloop.

Ja, ek wil nie u gewoontes weet nie. Ek wil die feite hoor. Het u met hulle gepraat? -- Dit sal ek nie nou kan onthou waaroor ons gesels het nie.

Waar het u gaan sit? -- Ek het op die verhoog gaan sit.

Wie het langs u gesit op die verhoog? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan u vir die Hof sê later terwyl u nog op die verhoog was en die vergadering aan die gang was, is daar enigeen wat u vandag kan onthou wat saam met u op die verhoog was? -- Mense wat ek onthou wat op die verhoog was, is die sprekers wat toesprake gelewer het daar en nog ander mense wie ek nou nie kan onthou wie hulle is nie.

Wie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wie is die wat u kan onthou? -- Mnr. Mphuthi.

Beskuldigde nr. 7? -- Ja. Mnr. Matlole.

Beskuldigde nr. 17? -- Ja. Edith was ook daar. Ek was daar en nog ander mense wie ek nou vergeet het wie dit was, maar daar was nog ander mense gewees.

Die voorsitter sê u was IC.8? -- Ja, dit is so.

Hoe het dit nou gekom dat hy nou heeltemal van ŉ ander woongebied kom om nou voorsitter op julle vergadering te wees? -- Ek het verstaan dat dit op versoek was van Edith Lethlake dat hy by hierdie vergadering moet kom dien as ŉ voorsitter.

Maar het julle nie toe julle die vergadering bespreek het gesê wie wil julle hê as voorsitter nie? -- Ons het niemand se naam genoem met hierdie bespreking nie, maar ons het net gepraat van ons sal moet ŉ voorsitter kry vir hierdie vergadering, waarop Edith toe gesê het "Ek ken ŉ hele paar mense." Na dit het IC.8 toe daar gekom as ŉ voorsitter van die vergadering na aanleiding van wat hulle bespreek het met Edith Lethlake.

Ons sal dit nou opklaar. Het u vir IC.8 geken voor die vergadering van 19 Februarie? -- Nee, ek het hom glad nie geken nie, behalwe dat ek hom gesien het toe daar ŉ verkiesing gehou was met die stigting van VCA.

HOF : Kan ek net dit vra. Is die voorsitter se naam bepaal dat julle vooraf of is dit oorgelaat aan Edith om ŉ voorsitter te kry? -- Dit was oorgelaat aan Edith.

MNR. FICK : En het Edith vir julle glad nie op daardie vergadering enige name gegee nie, wat sy dink voorsitters behoort te wees nie? -- Nee, dit het nie gebeur nie.

Op daardie vergadering, is dit op dieselfde stadium wat julle besluit het Lord McCamel moet kom as ŉ gasspreker?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja, dit is so.

Hoekom het julle nie vir Lord McCamel, die voorsitter van die VCA, gekry as voorsitter nie? Hoekom het julle dit vir Edith gelos om te reël? -- Dit was ŉ samewerking van die mense wat betrekking het op die reëling van hierdie vergadering van die 19de dat ons nou gepraat het van ŉ persoon in ons prosedure wat ons graag genooi sal wil hê as gasspreker. Ons het dus daar in samewerking besluit op McCamel, dat dit miskien vir ons raadsaam sal wees om hom te nooi met die goedkeuring van die ander mense wat daar is dat hy ŉ gasspreker moet wees op hierdie vergadering.

By hierdie vergadering van die 19de, was daar enige beamptes wat aangestel was om die mense te sê waar moet hulle gaan sit en wat moet hulle maak as hulle by die saal inkom? -- Daar was niemand uitgewys daarvoor nie.

Sê vir die Hof, hoe het die vergadering begin? Wat was die eerste ding wat gebeur het? -- Ek sal nie in staat wees om alles hier te kan vertel in die volgorde of wat presies daar gebeur het nie, behalwe natuurlik om vir die Hof te sê toe die vergadering begin het, het IC.8 as ŉ voorsitter opmerkings gemaak. Na die opmerkings was daar ŉ gebed gewees en toe het die vergadering voortgegaan.

Wie het gebid? -- As my geheue my nie in die steek laat nie, onthou ek mnr. Matlole was die persoon wat gebid het.

Wat se opmerkings het IC.8 gemaak toe hy die vergadering geopen het? Kan u onthou? Wat het hy gesê vir die mense? -- Ek sal nie alles presies kan onthou nie. Wat ek wel kan onthou is dat hy die samewerking van almal teenwoordig by hierdie vergadering gevra het.

Het hy gesê wat is die doel van die vergadering? --

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit sal verwag word dat dit in sy eerste opmerkings moet wees, want kyk, as ŉ persoon gevra word om by ŉ vergadering as ŉ voorsitter te moet optree, dan word die persoon gesê wat die doel van die vergadering is. Dus sal hy daarmee begin.

HOF : Hoekom moet ons hiermee belas word, mnr. Fick? Dit is die normale prosedure. Het u enige getuienis tot u beskikking dat die normale prosedure nie gevolg is nie?

MNR. FICK : Die Staat is in ŉ dilemma vir die eenvoudige rede dat die Staat weet nie of die verdediging enige getuies, indien wel, nog oor hierdie vergadering gaan roep nie. Daar is geen manier om daardie getuies te toets en hierdie getuie te toets as die Staat nie hierdie detail uitkry nie, want die verdediging het geen verduideliking van hulle kant uitgekry nie en ook geen stellings oor die vergadering gemaak nie, wat die Staat enigsins kan help nie.

HOF : Ja, gaan maar voort.

MR BIZOS : My Lord, we have been reluctant to stand up and to object, because we know that a lattitude ought to be given to a cross-examiner, but evidence was given by IC.8 in relation to this meeting. Is the State going to ask Your Lordship to disregard that evidence? We chose deliberately not to lead evidence on matters which were apparently common cause. If IC.8 had given evidence of a conspiratorial nature of this meeting, perhaps this should be put to the witness, but I would appeal to My Learned Friend and to Your Lordship, that yesterday and today has been in the main questions or the vast majority of the questions concerned matters which are not in any real issue and they are far removed from the point that is really in issue between the

defence/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

defence and the State in this case, as to whether there was a conspiracy or not and I would submit that the State has been given or has had much greater lattitude than is necessary and which can be justified on the ground that we are going to test the credibility of this witness or we hope that Mr Mphuthi, accused no. 7, will come along and say there was another person present who was not there. It may well be that such contradiction will be forthcoming and I would be surprised if they would not be forthcoming. But how will that help Your Lordship to decide whether this was a meeting in furtherance of the conspiracy or a meeting in furtherance of ordinary civic association activity.

HOF : Wat sê u?

MNR. FICK : Met alle respek, wat die Staat sover het van die verdediging oor die hele verdedigingsaak sover is 'n klomp stellings wat in die meerderheid van die gevalle weerspreek is deur van die verdedigingsgetuie. Dit is wat die Staat mee sit en verder weet die Staat nie wie gaan hulle roep nie, wat gaan hierdie mense kom sê nie en die Staat is geregtig om die mense se geloofwaardigheid te toets en al hoe ons dit kan doen is om hierdie man vrae te vra en dan te sien of My _Geleerde Vriend beskuldigde nr. 17 gaan roep. Ons weet nou nog nie. Hy het vir die Hof gesê hy weet nie of hy hom gaan roep nie. Die Staat is in die duister. Hy is absoluut in 'n swak posisie.

HOF : Maar gestel nou die eerste getuie sê "Kyk, die man het in sy openingstoespraak gesê ek is bly julle is hier." Die tweede getuie sê "Nee, hy het nie dit in sy openingstoespraak gesê nie, hy sê ek is verskriklik bly julle is hier" en die derde getuie sê "Nee, hy het vergeet om so

iets/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

iets te sê" wat help dit my? ŉ Vreeslike weerspreking. Wat help dit my? Dit help nie om op hierdie detail voort te gaan nie. Ons mors ontsettend tyd en dit in die veronderstelling dat daar ŉ getuie geroep gaan word. Ons kan nie op daardie manier gaan deur elke vergadering wat in julle akte van beskuldiging staan nie. In die veronderstelling dat daar nog ŉ klomp getuies gaan wees wat miskien totaal leuenagtige getuies is, op daardie basis elke detail van elke vergadering deurgaan wat nooit in geskil geplaas is nie. Ons kan dit nie hê nie. Ons sal twee jaar nog besig wees met die ding.

MNR. FICK : Met respek, ek verstaan wat die Hof se probleem is, maar as die verdediging nou gaan en hulle roep daardie man, dan gaan die Staat vra dat almal nou weer terugkom, dat die Staat hierdie man kan ondervra, want die Staat het nie geweet hulle gaan mense roep nie.

HOF : Wel, u moet dit beperk. Ek gaan u nie toelaat om onbepaald voort te gaan op hierdie trant nie. Ons kan dit net nie vat nie.

MNR. FICK : Nadat die vergadering nou geopen is, kan u onthou wie was die eerste spreker? -- Ek sal dit nie kan onthou nie.

Kan u onthou of daar sprekers van die vloer af was of van die verhoog af of het almal van die verhoog af gepraat of was daar niemand van die verhoog af wat gepraat het nie? -- Daar was sprekers gewees van weerskante af. Dit wil sê die verhoog asook die gehoor.

U was een van die sprekers van die vloer af? -- Van die verhoog. Dit is waarvan ek gepraat het.

Ek sal gaan na die volgorde waarin u u getuienis

gegee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gegee het. U het gepraat van beskuldigde nr. 7. Wat sê u wat het beskuldigde nr. 7 te sê gehad by hierdie vergadering min of meer? -- Ek sal nie die hele toespraak van beskuldigde nr. 7 onthou nie, behalwe dat ek die volgende onthou, naamlik dat hy gesê het dat die raadslede het nie voldoen aan die beloftes wat hulle aan die gemeenskap gemaak het nie.

Wat se beloftes het hy gesê het hulle gemaak waaraan hulle nie voldoen het nie? -- Dit is die beloftes soos ek dit verstaan het dat die raadslede beloof het dat huurgelde nie verhoog sal word nie, daar sal elektrisiteit aangelê word vir die behuising ensovoorts. Dit is die beloftes wat ek verstaan het wat die persoon na verwys het in sy toespraak.

Het beskuldigde nr. 7 gesê wat met die raadslede gemaak moet word wat nie hulle beloftes nakom nie? -- As hy iets daaromtrent gesê het, is dat hy gesê het ons moet ons komitee kies vir Gebied 7.

Het hy gesê wat Gebied 7 moet doen in verband met hierdie huur? -- Nee, ek het niks gehoor wat hy van gepraat het daaromtrent nie.

En behalwe die huurgeld, het hy nog oor iets anders gepraat? -- Wat ek onthou het wat hy gesê het is dit wat ek nou vir die Hof van gesê het en ek kan nie verder as dit onthou nie.

Het hy enigsins gepraat van - laat ek kyk of ek u geheue kan verfris - dat die raadslede is onbetroubaar en hulle het nog nooit 'n vergadering byeen geroep om die publiek te sê waarvoor die huurverhogings of waarom die huur so hoog is nie? -- Ja, ek het daarvan melding gemaak toe ek nou net gepraat het oor die raadslede dat sy woorde eintlik tot

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie effek dat die raadslede nie betroubaar is nie.

En het hy die raadslede beskuldig, kan u onthou, dat hulle nog nooit 'n vergadering belê het om te probeer uitvind wat is die klagtes van die mense en hulle behoeftes nie? -- Ek het gesê dat die persoon gepraat het oor die raadslede se benadering van die gebeure in die woonbuurt wat nie die mense tevrede gestel het nie, maar ek het toe verder gesê dat ek kan nie alles pertinent onthou spesifiek wat hy daaromtrent gesê het nie.

U weet, in u hoofgetuienis, toe u oor hierdie man ondervra is, het u net een ding gesê. U het gesê "Although I cannot remember his speech, I cannot remember him saying that." Dit is nou dat daar hoër huur geboikot moet word. Stem u saam dit was u hoofgetuienis?

MR BIZOS : The words of the witness were "Although I do not recall the whole of his speech" and not "I cannot recall his speech."

HOF : Wat is die punt, mnr. Fick, voordat ons nou stry oor wat hy gesê het of nie gesê het nie. Wat is die punt wat u wil maak met die getuie?

MNR. FICK : Ek wou aan hom gestel het dat hy voorgegee het in sy hoofgetuienis dat hy weet niks van hierdie man se toespraak nie en nou kan hy sekere goed onthou, maar ek sal die punt daar laat. U het ook gesê Edith Lethlake het gepraat. Is dit reg? -- Ja, ek sê so.

Wat kan u van haar onthou, waaroor het sy gepraat? -- As ek reg onthou het sy melding gemaak daarvan dat sy gekies was as 'n verteenwoordiger van Gebied 7 wat te doene gehad het met die stigting van hierdie komitee, iets tot daardie effek.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie effek dat die raadslede nie betroubaar is nie.

En het hy die raadslede beskuldig, kan u onthou, dat hulle nog nooit 'n vergadering belê het om te probeer uitvind wat is die klagtes van die mense en hulle behoeftes nie? -- Ek het gesê dat die persoon gepraat het oor die raadslede se benadering van die gebeure in die woonbuurt wat nie die mense tevrede gestel het nie, maar ek het toe verder gesê dat ek kan nie alles pertinent onthou spesifiek wat hy daaromtrent gesê het nie.

U weet, in u hoofgetuienis, toe u oor hierdie man ondervra is, het u net een ding gesê. U het gesê "Although I cannot remember his speech, I cannot remember him saying that." Dit is nou dat daar hoër huur geboikot moet word. Stem u saam dit was u hoofgetuienis?

MR BIZOS : The words of the witness were "Although I do not recall the whole of his speech" and not "I cannot recall his speech."

HOF : Wat is die punt, mnr. Fick, voordat ons nou stry oor wat hy gesê het of nie gesê het nie. Wat is die punt wat u wil maak met die getuie?

MNR. FICK : Ek wou aan hom gestel het dat hy voorgegee het in sy hoofgetuienis dat hy weet niks van hierdie man se toespraak nie en nou kan hy sekere goed onthou, maar ek sal die punt daar laat. U het ook gesê Edith Lethlake het gepraat. Is dit reg? -- Ja, ek sê so.

Wat kan u van haar onthou, waaroor het sy gepraat? -- As ek reg onthou het sy melding gemaak daarvan dat sy gekies was as 'n verteenwoordiger van Gebied 7 wat te doene gehad het met die stigting van hierdie komitee, iets tot daardie effek.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

uitgespreek het aan die mense van Gebied 7 wat daar bymekaar gekom het by hierdie vergadering om die komitee te kies vir hulle en dat hulle self opgestaan het om na hulle probleme te kyk en nie vir die Here wag dat die Here eendag vir hulle sal help nie. Hy het iets gesê of woorde tot daardie effek gesê in sy toespraak.

Het hy aan die publiek verduidelik wat die VCA is en hoekom die VCA gestig is? -- Ek kan nie onthou dat hy enige melding gemaak het van die VCA nie. Ek onthou dit wat ek nou net vir die Hof gesê het van sy toespraak.

Het enigeen op daardie vergadering iets van die VCA genoem? -- Ja, iemand het melding daarvan gemaak.

Wie? -- Wat ek onthou is dat mnr. Matlole het melding gemaak van die VCA.

Wat het hy te sê gehad oor die VCA? -- Ek het alreeds gesê wat hy presies gesê het kan ek nie nou oor getuig in hierdie hof nie, alhoewel ek kan onthou dat hy melding gemaak het van die VCA.

Kan u onthou of iemand spesifiek vir die publiek verduidelik het "Kyk, dit is die VCA, hy werk so, dit is sy doelstellings"? -- Ek sê ek kan nie onthou wat daar gesê was oor die VCA nie. Ek kan wel onthou dat daar iets gesê was. Wat dit presies was wat gesê was oor VCA kan ek nie onthou nie.

Behalwe die toespraak wat beskuldigde nr. 17 gemaak het, het hy ħ ander taak ook verrig daar by die vergadering? -- Ek het alreeds gesê dat hy gebid het.

Behalwe die gebed, het hy nog ħ ander taak verrig? -- Hy was gekies.

Kom ek vra u so. Het u gesien dat hy daar handtekeninge

bymekaar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bymekaar maak van mense op die vergadering of voor die vergadering? -- Ek het dit nie gesien nie.

Kan u vir die Hof enige aanduiding gee hoeveel sprekers was op daardie vergadering of kan u glad nie sê nie? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Dorcas Raditsela was ʼn spreker ôf van die verhoog af ôf van die vloer af?-- Ek kan nie onthou dat ek haar gesien het ʼn toespraak lewer daar nie.

Esau was op die vergadering. Stem u saam? Esau Raditsela? -- Dit is die waarheid.

Het hy ʼn toespraak gemaak? -- Hy het glad nie ʼn toespraak gemaak nie.

Was hy een van die mense wat op die verhoog gesit het? -- Ek kan nie onthou dat ek hom ooit op die verhoog gesien het nie.

Is daar resolusies aanvaar op hierdie vergadering? -- Ja, ʼn resolusie van die stigting van die komitee is daar aanvaar. Met die gevolg is die komitee is dus gestig.

Die volgende wil ek ook aan u vra. Is daar ʼn resolusie aanvaar, behalwe hierdie een wat u nou van praat, dat die Gebied 7 komitee wat gekies gaan word, hy sal die sluit van huise deur die Administrasieraad moet beveg? -- Na hierdie komitee gestig was, het die gemeenskap, die inwoners daar teenwoordig in die komitee die volgende gesê, dat die komitee sal na die mense se probleme moet kyk, die inwoners van die gebied en die probleme oplos. Die probleme was genoem as die volgende. Die huur, die sluiting van die huise, die paaie en die speelterreine vir die kinders wat nie beskikbaar was nie moet hulle ook na kyk. Dit is nou wat die gehoor vir die komitee gesê het. Asook dat die komitee se plig

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal wees dat elke keer as dinge gebeur, dan moet hulle die gemeenskap, dit wil sê die inwoners van daardie gebied, na ɦ vergadering toe roep om dit te bespreek met die inwoners.

Daar is ɦ paar goed wat ek vir u wil vra oor wat u nou gesê het. Eerstens, die taak van die huur. Wat spesifiek was opgedra aan die komitee, wat moet hulle maak? -- Nee, ons moet mekaar mooi verstaan. Ek sê die inwoners sê vir die komitee wat is dit waaraan hulle aandag moet gee. Dit is die komitee wat aandag moet gee en die komitee word nie instruksies gegee wat om te doen nie. Al wat hulle gesê word is om na daardie probleem te kyk.

Dan wil ek vir u so vra. Wie was die segsman wat nou hierdie probleme oorgedra het namens die gemeenskap aan die bestuur? -- Dit was die gemeenskap daar van die gehoor. Wie dit presies was weet ek nie.

Was daar ook gevra vir die organisasie se nuwe bestuur dat hulle moet kyk na die stigting van ɦ vroue-organisasie in die gebied? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Afgesien van die persone wat u genoem het wat verkies was, ɦ paar kon u nie onthou nie, kan ek vir u nog ɦ paar name gee. Ken u ɦ persoon met die naam van mnr. Strato? -- Ek kan nie daardie naam onthou nie.

ɦ Persoon met die naam van Paulina Modikatsi Namane? -- Die ander name ken ek nie, maar wat ek wel kan onthou is dat ɦ persoon wat aan my bekend was as Namane gekies was. Die persoon was aan my bekend as Elizabeth.

Mnr. Mlambo, was hy gekies op die bestuur? -- Ja, dit is die waarheid.

En ɦ persoon met die naam van Matlakala Moeng? -- Ja, sy ook.

Hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hierdie probleme wat gestel is en wat gevra is die areakomitee moet nou na kyk, is dit op skrif gestel? -- Daar was nie die nodigheid om dit op skrif te stel nie, want die dinge waarvan gepraat was, was algemene dinge wat met almal gebeur het. Almal was daarvan bewus. Dit het alreeds met my persoonlik gebeur. So, daar was geen rede om dit op te skryf nie.

Hierdie probleme wat gestel is aan die komitee en wat hulle na moes kyk, kan u vir die Hof sê, het die komitee daarna gekyk?

HOF : Ek dink ons het gister daardie onderwerp behandel. Wil u weer dieselfde paadjie loop?

MNR. FICK : Dit was die VCA gewees.

HOF : Dit was nie die VCA nie. Dit was die gebiedskomitee van Gebied 7. Ek het behandel paaie, creché, elektriese beligting en daar is ŉ aspek van huishuur wat ter sprake gekom het van een huis wat toegesluit is en ŉ ander een waar Edith gaan praat het en ŉ ander huis waar die persoon gestuur is na die "civic centre." As daar iets in verband daarmee nie gedek is nie, kan u dit vra, maar moenie in die algemeen alles weer oor doen nie.

MNR. FICK : Op die vergadering, het julle ook gesing? -- Ja, daar was ŉ gesingery gewees.

Tussen die toesprake deur? -- Hierdie vergadering was nie ŉ baie lang vergadering gewees nie. Dit was ŉ baie kort vergadering gewees en die singery, hoe dit plaasgevind het, kan ek nie meer onthou nie, alhoewel ek kan onthou dat daar wel gesing was, die liedere soos Hlanganani Bazali, Senzeni na ensovoorts.

HOF : Jy weet, dit is nou baie interessant dat jy dit

alles/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

alles sê, maar dit is nie wat jy gevra was nie. Jy was nie gevra of dit ŉ lang vergadering was nie. Dit is ook nie gevra watter liedere gesing is nie. Daar is net gevra was dit tussen die toesprake en die antwoord kon net gewees het "Ek weet nie meer nie." Trouens u het dit al twee dae gelede ook gesê en ek wonder waarom die vraag weer herhaal word.

<u>MNR. FICK</u> : Die lied Siyaya Epitole het u ook gesing? -- Ja, dit was ook gesing daar.

Wat het u verstaan, hoekom moet julle Pretoria toe gaan? Hoekom is die lied gesing? -- Al wat ek verstaan het is dit was ŉ lied wat gesing word.

Na die vergadering afgesluit is, toe het die komitee wat gekies was agtergebly? -- Ja, dit is so.

Met watter doel? -- Om mekaar te ken en te reël wanneer ons mekaar weer gaan sien, om bymekaar te kom.

Enige ander redes nog? -- Ons het toe daar gepraat dat ons van die ander dinge sal praat die dag wat ons vir die eerste keer bymekaar kom in ŉ vergadering.

Het u oorgegaan na die periode Februarie 1984 tot Julie
K565 1984? -- Ja.

Die vergaderings wat gehou was in hierdie tydperk, was dit by verskillende huise gehou of was dit altyd by dieselfde plek gehou? -- Soos ek vroeër gesê het, ek het nie baie van die vergaderings bygewoon nie, maar vergaderings waar ek teenwoordig was, was by Edith se woning gehou.

Van die ongeveer vyf-en-twintig vergaderings wat oor hierdie tydperk gehou sou gewees het, hoeveel sou u sê het u bygewoon? U het in u hoofgetuienis gesê daar het vyf verbygegaan wat u nie bygewoon het nie, maar hoeveel van die goed het u bygewoon? -- As ek reg verstaan het, was die

Hof/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hof se vraag aan my hoeveel vergaderings minstens het verby gegaan alvorens ek 'n vergadering bygewoon het. Was dit twee of drie? Na aanleiding van die vraag het ek gesê dit kan vyf wees, maar dit beteken nie dat ek nou net vyf vergaderings oorgeslaan het nie. Dit kan wees dat ek miskien nie twintig vergaderings bygewoon het nie, maar nou net twee of drie of miskien ook minder as dit. Dit hang af hoe die vergaderings nou geplaas word.

Hoeveel vergaderings het u bygewoon is u gevra en antwoord nou die vraag? -- Die eerste vergadering na ons mekaar gegroet het, was die een wat ek bygewoon het. Die tweede een is waar die huurmotors se oorlaai bespreek was. Die derde een is waar 'n vroumens se huis gesluit was. Die vierde een is die een waar 'n man 'n huis gekoop het en die huis is gesluit. Die geval wat verwys was na die "civic centre." Die vyfde vergadering is die een wat ek bygewoon het as gevolg van die partytjie wat gehou was te Evaton. Die sesde is die een wat ek bygewoon het waar ons die besprekings uitgevoer het na ons die pamflette of papiere of kennisgewings gekry het oor die huurgelde. Dit was in Augustus. Die ander vergadering is die een van die 11de waar ons gaan bespreek het hoe ons 'n vergadering gaan roep. Die ander vergadering wat ek bygewoon het was op 26 Augustus. Nou het ek vir u al die vergaderings getel. U het seker nou gehoor watter vergaderings het ek bygewoon.

HOF : En al die vergaderings behalwe die heel laaste een was geslote vergaderings, huisvergaderings? Die 26ste was 'n massavergadering? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : En almal by Edith se huis?-- Ja, dit was by Edith waar ek gegaan het waar die vergaderings gehou was.

As/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

As u nou so vergaderings nie bygewoon het nie, wat het u gedoen om te loop uitvind wat gebeur by die vergaderings wat u nie bywoon nie? Wat is besluit, wat gaan gedoen word?

HOF : Maak dit saak? Hoe help dit ons om te beslis wat beslis moet word? Ons is tog nie besig om 'n ondersoek te doen na hierdie man se besondere of minder besondere belangstelling in die werking van sy vereniging nie. Hoekom moet hy gekruisverhoor word of hy iets gedoen het om uit te vind?

MNR. FICK : Om te bepaal wat se kennis het hy gehad van wat gebeur het in werklikheid oor daardie tydperk. Of hy die vergaderings bygewoon het of nie.

HOF : Wel vra hom, wat het jy eintlik geweet van die vergaderings waar jy nie by was nie? Die antwoord sal wees niks, maar u kan hom vra.

MNR. FICK : Weet u wat gebeur het op die vergaderings tussenin waar u nie was nie? -- Ek weet niks.

Dan gaan ons oor na die geval van mnr. Rabotape toe, waar die protes gehou was soos u sê deur Gebied 7 areakomitee en ERPA.

HOF : Weet ons wat die datum is? Weet u wanneer omtrent daardie protes was waar u die plakkate gaan hou teen die partytjie van Rabotape? -- Ek is nie meer seker nie, Mei, Junie of Julie, maar die datum sou die 12de wees. Ek is nie seker nie.

Nou hoe onthou u die datum maar nie die maand nie? -- Ek kan onthou dat die dag van die protes was op die 12de. Dit kan ek onthou, maar van watter maand kan ek nou net nie onthou nie.

Wat maak u onthou dat dit nou juis die 12de was? Verjaar u op die 12de? -- Ek weet nie, maar dit het geregistreer

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in my gedagte as die 12de. Ek het nie ŉ spesifieke rede om dit te onthou nie.

MNR. FICK : Daar was plakkate gemaak vir die protes?

MR BIZOS : My Lord, Your Lordship can take it as common cause, it was 12 May.

MNR. FICK : Daar was plakkate gemaak om te gebruik in hierdie protes? -- Ja, daar was plakkate.

Was daar ook pamflette wat versprei was? -- Nee, ek het nie pamflette gesien nie. Dus weet ek niks van pamflette af nie.

HOF : Is die plakkate op een punt gemaak of het elke man maar sy eie plakkaat gemaak en gebring? -- Ek sal u sê wat gebeur het is, Sefako Mokoena het my genader en my laat weet van die protes wat daar was en ek is huis toe. Hy is toe soontoe. Met ons aankoms daar by die protesmense het ek ook ŉ plakkaat daar bekom wat geskryf is "Jy eet vandag, môre is jy honger." Ek het toe daardie plakkaat vir my gevat.

MNR. FICK : Daar was ŉ klomp plakkate met verskillende bewoordings. Is dit reg? -- Ek het alreeds gesê dit sal vir my baie moeilik wees om dit te kan sê, want ons was baie ver van mekaar af, apart. Byvoorbeeld ek was in die nabyheid van die Roomse Kerk Small Farms.

HOF : Hoeveel meter was julle van mekaar af elkeen? -- O, dit is ŉ groot probleem. Ek weet nie wat ŉ meter se lengte is nie.

Kon julle mekaar darem sien? -- Ek skat dit ongeveer die lengte van ŉ sokkerveld.

MNR. FICK : Hierdie klomp plakkate was nou daar gewees en toe het u vir u een gevat. Het u nie die ander gelees en vir u die een wat die mooiste gelees het gevat nie? --

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nee, nee, nee. Dit is nie wat ek sê nie. Ek sê op een of ander manier het ek ʼn plakkaat wat in Sotho geskryf was bekom. Ek sê nie dat dit in ʼn hoop gepak was daar dat ek een moes uitgesoek het nie. Dit is nie wat ek sê nie.

Het u ander plakkate ook daar gesien toe u vir u ʼn plakkaat bekom het? -- Ja, ek het mense gesien in besit van plakkate. Miskien wat veroorsaak het dat ek nie baie dinge kon sien daar waar ek hierdie plakkaat bekom het en dat ek nie presies kan onthou nie is dat onmiddellik nadat ek die plakkaat bekom het, het Mohage in die geselskap van ander polisie, Blankepolisiebeamptes daar op die toneel opgedaag en vir ons gesê ons moenie bymekaar staan nie, ons moet ver van mekaar gaan staan. As gevolg waarvan ek toe beweeg het na die nabyheid van die Roomse Kerk.

Hoe het u die plakkaat bekom? By wie het u hom gekry? Het hy daar op die grond gelê?-- Ek weet nie. Die Hof het my aangeraai om te antwoord op ʼn manier, maar ek het alreeds ʼn antwoord gegee hoe ek hierdie plakkaat bekom het.

Dit is? Ek het dit nie gehoor nie? -- Ek het gesê met my aankoms daar het ek ʼn plakkaat bekom. Van wie kan ek nie sê nie en ek het verder gesê dit was nie ʼn hoop plakkate gewees wat ek bymekaar gekry het nie. Ek het die plakkaat bekom wat in Sotho geskryf is. Ek is toe weg na my punt toe waar ek gaan staan het omdat die polisie dit vir ons so verduidelik het dat ons so moet staan.

Op hierdie vyfde huisvergadering waar daar gepraat was oor die party van Rabotape, wat het u besluit gaan u doen? -- Al wat ek daar vir die mense gesê het is "Het julle gehoor dat daar ʼn partytjie gehou gaan wod in Small Farms?" waarop die mense bevestigend geantwoord het. Daar was toe nie ʼn

spesifieke/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

spesifieke besluit geneem daaroor nie. Daar was net daaroor gepraat.

HOF : Het julle nie besluit "Kyk, ons moet iets daaraan doen, ons kan dit nie sommer net so laat loop nie"? --Ons het nie op 'n besluit gekom wat gedoen sal word omtrent hierdie partytjie nie. Dit is heeltemal reg. Ons het daaroor gepraat dat daar so 'n ding gaan wees en in die algemeen daaroor gepraat, maar nie op 'n besluit gekom wat gedoen moet word nie.

MNR. FICK : Die dag toe u nou daar met die plakkaat gaan staan het en saam met Sefako soontoe is, het jy toe al uitgevind hoe dit nou gebeur het dat hier 'n protes is? -- Al wat gebeur het daar wat bespreek was, was toe Sefako Mokoena my kom laat weet het van die protes en toe hy vir my gesê het wat die partytjie was en hoekom hulle partytjie hou en toe het hy gesê ons stem nie saam daarmee nie en dit is al wat daar bespreek was. Toe was ons na die protes nie.

HOF : Was dit 'n eeufeesviering of 'n 50ste verjaarsdag of presies wat was dit? -- As ek reg onthou, ek praat onder korreksie, het hulle gesê Evaton bestaan nou vir 80 jaar. Dit is hoekom daar fees gehou was.

MNR. FICK : Behalwe u en Sefako en u het in u hoofgetuienis gepraat van beskuldigde nr. 17, wie van die ander klomp van u gebiedkomitee het u daar gekry wat ook in hierdie optog of in die protes deelgeneem het? -- Ek onthou van mnr. Matlole. Net hy alleen.

Edith, Esau en al die ander was nie daar nie? -- Ek sal sê Edith was nie daar nie. Tweedens Esau was nie 'n lid van die komitee van Gebied 7 nie.

Maar behalwe nou u en Sefako en beskuldigde nr. 17,

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was daar niemand wat aan die VCA verbonde was wat u daar gekry het in die protes nie? --Maar ek het vroeër mos gesê dit was ŉ protes van VCA en Rate Payers wat daar gehou was.

HOF : Ja, maar u word net gevra oor die een deel, dit is die VCA deel. Is dit so dat daar net Sefako was, uself en beskuldige nr. 17 van die VCA kant? -- Mense waarvan ek bewus was daar, ja, maar ek het later verneem dat Mphuthi ook daar teenwoordig was, maar ek self het hom nie gesien nie en waar hy was kan ek nie sê nie.

Beskuldigde nr. 7? -- ja.

MNR. FICK : U het nie gaan hoor by die mense nou later "Waar was julle klomp gewees?" nie? "Ons was net ŉ paar".

HOF : Maak dit saak? Waar bring dit ons?

MNR. FICK : Ek wil net vasstel of daar nie nog beskuldigdes was nie?

HOF : Wel, hy sê dit is al wat hy van weet. Hy het later gehoor beskuldigde nr. 7 was ook daar, maar hy het hom nie gesien nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Ek wil met u gaan na ŉ ander aspek toe. Ek wil u vra, u het nou vergaderings genoem, baie het nie datums nie, maar kan u onthou dat daar op 5 Julie 1984 ŉ vergadering by Edith se huis was waar u ook was en waar die lidmaatskap van die VCA bespreek was? -- Bedoel u by die komitee van ons wat daar was?

Dit is so. Kom ek gee u nog meer inligting dan help dit u meer. Daar was gepraat ook in verband met ŉ vraelys wat uitgestuur moet word na die inwoners om te hoor wat

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is hulle probleme? -- Nee, ek kan nie dit onthou nie.

Kan u dit ontken? -- Ja, ek kan dit ontken want ek het het vir u genoem al die vergaderings waar ek teenwoordig was. Die een waarvan u praat, dra ek geen kennis van nie.

MNR. BIZOS DEEL HOF MEE DAT BESKULDIGDE NR. 17 NIE IN DIE HOF IS NIE.

MNR. FICK : Die organisasie VOW, Vaal Organisation of Women, u het oor hom getuig dat daar was so ꞌn vergadering gehou by u huis. -- Ja, ek sê so.

Was u self by die vergadering of het u gehoor wat die organisasie bespreek daar in die huis terwyl u in die huis was? -- Ek was nie self daar by die vergadering gewees nie, want dit was ꞌn vrouensvergadering gewees, maar wat ek wel gehoor het is dat die mense praat van ꞌn sekere manier van koop.

Is dit al wat u gehoor het van die vergadering? -- Eintlik in breë trekke sal ek sê hulle het die vrouens se probleme bespreek, byvoorbeeld die kleuterskool en ander probleme wat die vroumense aanraak in hulle huis.

VOW, weet u of Dorcas die voorsitster is van die organisasie? -- Nee, dit weet ek nie. Al wat ek weet is dit is vroumense wat daar bymekaar gekom het. Wie se posisie wat is kan ek nie sê nie.

Hierdie VOW, is dit ꞌn organisasie wat nou saamwerk met die Vaal of in 1984 saamgewerk het met die VCA? -- Ek weet nie wat u bedoel met samewerking nie, maar wat ek wel kan sê is dat ons voorsitter is ꞌn lid van hierdie vroue-organisasie en daar is ook ꞌn lid van ons in die komitee wat ꞌn lid is ook by die vroue-organisasie. Dit is Namane byvoorbeeld.

Edith wat by u ꞌn bestuurslid is is ook by VOW ꞌn

bestuurslid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bestuurslid. Is dit reg? -- Sy is ons voorsitter. Ek weet nie by die vroue-organisasie nie.

En die ander dame wat u van praat mev. Namane, is sy by u ook 'n bestuurslid?

HOF : Dit het ons al gehad.

MNR. FICK : Ja.

HOF : Nou waarom moet dit nou weer gesê en weer getolk en weer 'n toespraak daarop volg? Vra eenvoudig of Namane op die bestuur was van VOW en dan sal hy sê hy weet nie en dan gaan ons aan na die volgende vraag.

MNR. FICK : Weet u of Namane op die bestuur was van VOW? -- Ek weet nie wat haar pligte daar was nie.

Die volgende aspek. U het getuig oor lidmaatskapkaarte vir Gebied 7. -- Ja.

Wie het hierdie lidmaatskapkaarte vir u gedruk of laat druk? -- Ek kan nie met sekerheid sê en onthou presies wie dit gedoen het nie, maar dit was een van die voorsitter se pligte gewees.

Weet u of dit by MARS gedruk is? -- Nee, dit weet ek nie.

Weet u wie betaal het vir hierdie goed? -- Wat ek van weet is dat ons geld bymekaar gemaak het en daarvoor betaal het.

Onder die bestuur of onder die publiek het julle die geld bymekaar gemaak? --Die komitee het die geld bymekaar gemaak.

Hoeveel het hierdie goed julle gekos? -- Nee, dit kan ek nie meer onthou nie.

Het u enige registers gehou van die gelde van die tak? -- Ja, daar was 'n boek gewees wat ons gebruik het.

Waar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Waar is hy vandag? -- Omdat ek nie die persoon is wat die boek by hom gehou het nie, sal ek nie weet wat van die boek geword het nie.

Wie het die boek gehou by hom? -- Al die dokumente van die komitee was by die voorsitter gehou.

Maar u as tesourier, het u nie die boeke by u gehou nie, vise-tesourier?

HOF : Nee, assistent-tesourier.

MNR. FICK : As assistent-tesourier, het u nie die goed by u gehou nie? Wat het dit by Edith gemaak? -- Nee, ek het nie die boeke by my gehou nie.

Was daar enige kampanje gevoer deur u in Gebied 7 om lede te werf? -- Nee, ek kan nie daarvan onthou nie.

Is dit moontlik, maar u weet nie daarvan nie? -- Ek weet nie wat se kampanje praat u van nie, want ek het vir die Hof gesê wat ons alles daar bespreek het aangaande die huurmotors en die probleme van die mense, die huurgelde en wat deur die gemeenskap daar ondervind was as ŉ probleem.

Ja, maar hierdie het nou niks met die gemeenskap se probleme te make nie, wat ek nou mee besig is nie. Ek vra het u in die gebied ŉ kampanje gevoer, ŉ besluit geneem ons gaan lede werf en u die bestuur, het u enige stappe geneem om lede te werf? -- Nee, daar was nooit so ŉ besluit gewees nie.

HOF : Het u self ŉ lidmaatskapkaart gekry? -- Ja, ek het een gehad.

Was daar ŉ lederegister? -- Wat op die lidmaatskapkaart geskryf was, was die volgende. Jou besonderhede, die naam, adres en of jy in die komitee dien van Gebied 7 of nie en as jy nou net ŉ lid is van die inwoners, dan word dit daar

geskryf/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geskryf 'n inwoner.

Ja, maar ek vra eintlik of daar 'n aparte register was, nie wat op die kaartjie geskryf was nie?-- Ja, dit is omtrent van hierdie grootte.

Gewone folio grootte? -- Ja.

Hoeveel lede het julle gehad? -- Ek weet regtig nie.

En hoeveel moes 'n mens betaal vir 'n lidmaatskapkaart voor jy hom kry? -- R2,50.

Kon jy dit op skuld kry? -- Nee.

MNR. FICK : U as assistent-tesourier het darem seker gesien hoeveel geld kom hier in met hierdie lidmaatskapkaarte wat verkoop word? -- Ek weet daar was sekere bedrae geld daar. Hoeveel presies dit was weet ek nie.

Was dit meer as R100,00? -- Ek wil nie myself daarmee verbind nie.

In die hele tydperk vandat hierdie gebied gestig is tot by 3 September 1984, het julle ooit op enige stadium 'n vergadering gehou vir hierdie ingeskrewe lede van julle? -- Ek onthou van 'n vergadering van die 4de. By hierdie vergadering was daar 'n besluit geneem dat elke lid van ons wat daar teenwoordig was sal moet mense spreek en die mense se gevoel kry hieroor en later kom terugrapporteer die 11de. Dit is die vergadering van ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die 4de van wat en die 11de van wat? -- 4 Augustus asook 11 Augustus praat ek van. Dat op 11 Augustus teruggerapporteer sal word deur die lede wat gesprekke met verskillende mense uitgevoer het wat die gemeenskap se gevoel is hieroor, wat dan gelei het tot die vergadering van die 26ste.

MNR. FICK : Ek dink ons mis mekaar dalk nou êrens. Soos ek u hoofgetuienis reg verstaan het van die 4de was dit 'n

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering van die komitee? -- Ek sê nog steeds so.

Ek vra u nou, het u op enige stadium ŉ vergadering vir u gewone lede, die mense wat lidmaatskapkaartjies het, gereël en gehou om vir hulle te sê wat gaan aan in VCA en Gebied 7 en die tipe van goed? -- Ek kan nie van so ŉ vergadering onthou dat dit gehou was nie. Ek dra geen kennis daarvan nie.

HOF : Wat my ŉ bietjie pla is dit. Watter voordeel het dit nou om ŉ gewone lid te word van julle gebied van VCA, want enigiemand kon op julle algemene vergadering stem? -- Om die vraag te antwoord sal ek vir die Hof so verduidelik. Dit was die komiteè se besluit gewees dat daar lidmaatskapkaarte uitgereik moet word. Dit was nie eintlik so besluit dat dit nou mense sal kan verhoed om enige besluite te neem en te kom stem vir wat ook al bespreek word nie. Met die gevolg toe die komitee gestig was, was daar nie gesê dat mense sonder die lidmaatskap nie toegelaat sal word om enige besluite te neem of te stem vir ŉ besluit nie. Ons het mense wel toegelaat wat nie kaarte gehad het om te stem wat iets ondersteun wat gesê word.

Wat is dan die voordeel van ŉ kaarthouer? -- Dit was nie eintlik vir ŉ spesifieke voordeel om ŉ onderskeid te maak tussen die mense nie. Wat eintlik daarby bedoel was, was die volgende. Dit het gebeur dat ons as komiteelede uit ons eie sakke moes betaal het vir sekere dinge wat gedoen moet word terwyl ons gekies was deur die inwoners van die gebied. So, ons het op hierdie kaarte besluit om dit te kan dek sodat die mense moet weet daar is lidmaatskapkaarte wat hulle moet koop. As hulle die geld kom betaal vir die lidmaatskap, dan het ons die geld vir voorbereidings om te kan betaal vir

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat ook al betaal moet word. Selfs in die geval van ŉ persoon wat nou geld nodig het vir ŉ huis wat miskien gesluit is omdat die persoon nie huur betaal nie. Dat ons dan in staat kan wees om kontant te hê om daardie huishuur te betaal.

So, die mense was eintlik nie lede nie, hulle was bydraers? -- Ja, ter ondersteuning van die komitee wat hulle gekies het.

MNR. FICK : Het u dit so aan die mense oorgedra dat hierdie is lidmaatskapkaarte, maar jy is nie eintlik ŉ lid nie, dit is maar net ŉ bydrae wat jy maak? -- Nee, ons kon nie vir die mense so gesê het nie. Hier is jy gekies deur die mense as die verteenwoordigers van die mense en vir die mense om ŉ bydrae te maak sal dit van hulle afhang dat hulle nou die komitee ondersteun wat die lidmaatskapkaarte uitgemaak het met die oog daarop om ondersteuning te kry. Dit wil sê geldelike ondersteuning van die mense. Dus kan jy nie loop en vir die mense gaan sê "Nee, jy is nie ŉ lid nie."

Maar wat my pla is dat die man wat die bydrae maak, hy is in dieselfde posisie as die ou wat van die straat af kom, want as daar vyf van die straat af kom en hy is alleen en daar gestem word oor ŉ ding, dan wen die vyf van die straat af en hy wat betaal het, het nie ŉ sê nie.

HOF : Het u al gehoor van ŉ ondersteunersklub van ŉ voetbalklub?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : Nou ja, is dit nie nou al uitgepluis nie?

MNR. FICK : Die uniforms wat vir die Gebied 7 aanvaar is, het VCA se uitvoerende bestuur kennis gedra van die ding, dat u vir Gebied 7 sy eie uniforms en klere wil hê? --

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nee, dit was ŉ besluit van die komitee alleen tussen die komiteelede dat ons daardie tipe hemde moet koop en indien daar enige mense was van die inwoners van Gebied 7 wat ook dieselfde tipe hemp wou gehad het, dan sou ons daardie hemde meer gekry het en dit dan aan die mense beskikbaar gestel het vir ŉ sekere bedrag om nog geld in te samel vir hierdie komitee se doeleindes.

Ek wil dan met u gaan na ŉ volgende aspek. Die raadslede het vergaderings gehou volgens die getuienis hierso op 5 Augustus onder andere in sekere van hulle wyke en daar het hulle volgens die getuienis verduidelik waarvoor die huurverhogings gaan wees. Weet u van sulke vergaderings wat gehou was? -- Nee, ek weet nie van hierdie vergaderings nie.

Die gebied waar u woonagtig is, wie is die raadslid vir daardie wyk waar u woon? -- Die persoon wat op die oomblik daar is is Matsike.

Was hy ook daar gewees in 1984 as raadslid? -- Eintlik om vir die Hof nou te sê, ek het vir die eerste keer gehoor dat daar so ŉ raadslid was in my wyk in die tyd van hierdie partytjie wat gehou was, dat daar so ŉ persoon was. Andersins, voor dit was ek nie daarvan bewus dat ons so ŉ raadslid het nie.

U was nie gedurende Augustusmaand weg uit u woongebied en dat u na ŉ ander gebied toe gegaan het vir besigheid vir een of ander rede nie? U was die hele Augustusmaand in u gebied waar u woonagtig is? -- Daar is naweke wat ek gewerk het in daardie tyd. Daar is naweke wat ek uitgegaan het om na my mense te gaan kyk. Ek kan nie sê dat ek die hele tyd daar was vir daardie tydperk nie.

As/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

As ek u hoofgetuienis reg verstaan het, het u gedurende Juliemaand 1984 gehoor van die verhoging wat in werking gaan tree? -- Ek het gesê om en by daardie maande. Òf in Juliemaand òf miskien die begin van Augustus het ek daarvan gehoor. Ek het nie spesifiek gesê dit was in Juliemaand nie.

Hierdie aspek was dan die huurverhoging, die gerugte wat rondgeloop het was bespreek op u area se vergadering. Is dit reg? Voor 1 September 1984? -- Die inwoners het daarvan gepraat.

U as bestuurslid het u dit bespreek met van u mede-bestuurslede van Gebied 7?

HOF : Ja, dit is bespreek op die sesde vergadering waarvan hy melding gemaak het in Augustus.

MNR. FICK : Het u op enige stadium oorweeg om na die mense wat nou verantwoordelik sou wees vir die verhogings, naamlik die raadslede, toe u hoor hier is nou 'n verhoging, het u dit bespreek en gesê "Kom ons gaan sien die mense en hoor waaroor gaan dit?" -- Nee, ons het dit nie gedoen nie.

Maar hoekom nie? -- Ek het dit duidelik gestel vir hierdie Hof dat ek nie meer van die raadslede se teenwoordigheid aanvaar het nie, met die gevolg dat as gevolg van my ondervinding van 'n raadslid in wie ek vertroue gehad het vroeër wat my teleur gestel het, het ek dus geen belang gehad om nog met die raadslede te doene te hê nie. Al wat ek gehad het in my gedagte was om die Administrasieraad te gaan spreek hieroor. Ek neem aan dit was eintlik die gevoel van die meerderheid van die inwoners met betrekking tot die raadslede.

Het u komitee besluit toe u nou hoor hier kom 'n verhoging "Ons komitee, ons gaan nou na die Administrasieraad

toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toe. Ons gaan hoor wat gaan hier aan"? -- Ek het vroeër gesê dat my verkiesing van ons as 'n komitee van Gebied 7 was ons deur die inwoners daar gesê dat ons sal dit moet doen, dit sê om hulle bymekaar te roep indien daar enigiets opduik om dit eers met hulle te bespreek, sodat hulle dan vir ons 'n mandaat gee wat om te doen omtrent daardie geval. Met die gevolg dat ons besluit het dat ons eers die inwoners bymekaar gaan roep.

Maar het u nie daaraan gedink dat u moet gaan na die Administrasieraad en die feite kry presies wat die omstandighede van hierdie huurverhoging is dat u vir die gemeenskap, as u hulle nou bymekaar roep kan sê "Kyk, dit is wat werklik nou gaan gebeur en dit is die redes"? -- Nee, dit werk nie so uit nie. Dit werk net andersom. Sê nou ons gaan na die Administrasieraad en die Administrasieraad wil van ons weet "Wie het julle hiernatoe gestuur?" Wat sê ons? Want ons het nog nie eers met die inwoners gepraat nie en die Administrasieraad vra vir ons "Het julle met die inwoners hieromtrent gepraat? Wat sê die inwoners?" Dan word ons onnosel. Dit werk nie so uit nie. Ons moes eers met die mense gepraat het en dan na die Administrasieraad toe gegaan het en sê "Ons het met die mense gepraat. Dit is die mense se gevoel, dit is hoekom ons hier is op versoek van die mense."

Het u nie gedink dat u gaan onnosel lyk voor die mense as die mense wat aanvanklik vir u gesê het u moet kyk oor die huur vir u vra "Wat gaan aan oor die huur?" en u sê "Ek weet nie. Ek was nie by die Administrasie raad nie. Ek hoor dit en ek hoor dat." -- Wat is die vraag? Ek verstaan nie die vraag nie.

Het u nie daaraan gedink dat wat gaan u vir die

gemeenskap/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gemeenskap sê as hulle vir u vra "Wat het u uitgevind in verband met die huurverhoging en die gerugte wat in die straat rondlê?"

HOF : Daar was nie gerugte in die strate in die middel van Augustus nie. Daar was 'n kennisgewing uitgestuur op 6 Augustus aan elke inwoner 20,500 kennisgewings wat presies uiteengesit het met watter bedrag die huur verhoog word en waarom. Dit was nie nodig om staat te maak op gerugte in die straat nie.

MNR. FICK : Het u nie daaraan gedink wat gaan u sê vir die gemeenskap as hulle vir u vra "Ons het aan die begin gesê u moet na die huur kyk in hierdie woongebied. Hier gaan die huur op. Wat kan u vir ons vertel? Wat gaan hier aan?" -- Nee, ek het 'n antwoord gehad daarvoor en dit was - ek sou aan die inwoners gesê het "Kyk, die dag wat julle ons gekies het, het julle vir ons gesê indien daar enige ding opduik, moet ons terugkom na julle toe en dit met julle bespreek, alvorens ons enige ding doen. Dit is juis die rede dat ons julle bymekaar geroep het om met julle eers te kom praat oor hierdie aangeleentheid."

Het u as gebiedskomitee van Gebied 7 die VCA se uitvoerend bestuur genader en gesê "Kyk, dit is wat gebeur het, het u enige voorstelle? Wat gaan ons maak? Gaan ons dieselfde optree in al die gebiede? Is daar enige beplanning?" -- Nee, ons het nie soontoe gegaan nie, want ek het alreeds gesien ons die komitee van Gebied 7 het alleen gestaan en besluite geneem aangaande die mense van Gebied 7. Dus het ons nie na hierdie besturende komitee toe gegaan nie, die een van die VCA.

Dan op 11 Augustus 1984, toe het u weer 'n vergadering

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die areakomitee gehou? -- Ja, dit is so.

En u het daar toe beplan wat om te maak in verband met die huurverhoging? -- Dit is reg.

Ook op hierdie vergadering het niemand gerapporteer dat daar raadsvergaderings was op 5 Augustus waar die raadslede gepraat het oor die huurverhogings nie? -- Nee, daar was geen so ŉ verslag gemaak nie.

Na hierdie vergadering, as ek vir u vra en u geheue verfris op 13 Augustus 1984 kan u onthou of daar ŉ vergadering gehou was deur die gebiedskomitee op daardie datum? -- Ek weet niks.

Ek kan miskien meer inligting gee. Op die vergadering sou u teenwoordig gewees het en weet u of daar enige besluite geneem was op die vergadering of ander gebiede betrek word by hierdie optrede ... (Hof kom tussenbei)

HOF : By watter vergadering? Die getuie het klaar vir u gesê hy weet niks van ŉ vergadering nie. U sê u sal sy geheue verfris. Nou vra u hom ŉ vraag. Hy weet nie van die vergadering nie. Nou moet u vir hom sê wat op die vergadering gebeur het sodat hy kan kyk of hy dit kan onthou.

MNR. FICK : Op dié vergadering sou daar ŉ besluit gewees het dat ander gebiede betrek moet word in die optrede teen die huurverhogings? -- Ek weet niks van daardie vergadering nie.

Daar is toe besluit op ŉ massavergadering van 26 Augustus 1984 en daar was ŉ besluit gewees, daar is pamflette gedruk vir hierdie vergadering. Kan u vir die Hof sê wie se idee was hierdie van die pamflette wat gedruk is? -- Dit was op die 18de gewees toe ons hierdie pamflette laat druk het. Dit is die pamflette wat die aankondiging gemaak het vir



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die vergadering wat u na verwys. Die pamflet was op die 11de bespreek.

En op die 18de het u reeds al die besonderhede gehad waar, wanneer en hoe laat die vergadering gehou sou word op 26 Augustus? -- As u nou teruggaan na my getuienis sal u sien dat ek gesê het op die 11de het ons hierdie pamflet bespreek en ons het besluit oor hierdie pamflet dat dit opgestel sal moet word deur die voorsitter en die vise-voorsitter, maar die plek van die vergadering sal hulle moet oop laat tot tyd en wyl dit bekend is en ek en Edith sal die 18de dan gaan om daardie pamflet gedruk te laat word na Edith nou uitgevind het waar die plek gevind is vir die vergadering. Met ander woorde, op die 11de was daar geen vaste besluit gewees wat gedoen sal word nie, behalwe dat ons gesê het daar hoef nie weer ŉ vergadering te wees voor die 18de nie. Dit wil sê om terug te kom rapporteer van die vergaderplek.

Miskien moet u net die vraag antwoord. Op die 18de toe die pamflet gedruk is, het u die besonderhede gehad van die tyd, die plek en die datum waar die vergadering gehou sou word? -- Ja, dit is reg, dit is so.

Wat was die tyd gewees wat die vergadering gehou sou word? -- Ek sê nie ek het al geweet nie. Wat ek sê is, hierdie Saterdagoggend, dit is die 18de, het ek vir die eerste keer geweet van daardie besonderhede.

Wat is die tyd wat u gedruk het op die pamflet wat die vergadering begin op 26 Augustus? -- Op hierdie pamflet was daar geskryf gewees dat die vergadering om 14h00 begin.

Is daar op hierdie pamflet gesê dat dit ŉ gesamentlike vergadering van gebiede is of is dit net ŉ sekere gebied

s'n/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

s'n? -- Toe ons te doene gehad het met hierdie pamflet was dit ons s'n gewees. Dit het net gehandel oor Gebied 7 se vergadering vir die mense van GEbied 7.

Ek sal vir u sê hoekom ek dit vra, want in Volume 170 bladsy 8 749 word daar verklaar dat op die 23ste ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wie sê so?

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 8. Daar sê beskuldigde nr. 8 dat op 23 Augustus 1984 was daar ŉ derde huisvergadering in Gebied 3. Daar is gerapporteer aan daardie vergadering dat "The Zone 7 people were going to hold their meeting the morning session from 09h00." Die getuienis wat hy gegee het was dat Edith en ander persone daar gekom het en kom rapporteer het dat die Gebied 7 mense van 09h00 die oggend van 26 Augustus 1984 vergadering gaan hou? -- Sy sê mos daar dit is Edith wat so gesê het. Dit wil sê dit kom van Edith af.

Maar kan u nou verklaar, u sê u het die 18de al geweet die ding is geadverteer vir 14h00 die middag, maar die 23ste kom julle voorsitter nog rapporteer julle gaan die 18de 09h00 die oggend vergadering hou? -- Ja, dit is ŉ baie maklike antwoord daardie. Kyk, my kennis van die vergadering is bepaal op dit wat ek op die 18de gehoor het. Of daar nou ŉ ander vergadering gehou was waar hulle besluit het op die 23ste as daar ŉ vergadering was dat ons vergadering nou nie meer in die middag gaan wees soos ek geweet het nie, maar in die môre, dit weet ek nie van nie, want ek was nie by nie.

Maar u het toevallig die 26ste die regte tyd by die vergadering opgedaag, 14h00 die middag? -- Ek weet nie presies hoe laat ek daar gekom het nie. Ek weet nie of

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek 14h00 op die kop daar opgedaag het nie, maar toe ek daar gekom het, was voor die vergadering begin het.

MR BIZOS : The evidence of both accused no. 10 and no. 8 was that it was orignally thought that it was in the - the Zone 7 meeting was going to be in the morning and they were going to have their's in the afternoon and that was what was meant by the sharing. They later found out that it was booked for the afternoon and they agreed on a joint meeting.

COURT : I think if you look at the record you will see that the two witnesses differ, the two accused.

MNR. FICK : Wat u betref, was daar ooit sprake dat hierdie vergadering van u 09h00 die oggend sou wees op 16 Augustus 1984? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê dat toe ek vir Edith die 18de raakgeloop het, was dit al ŉ bekende feit aan haar en wat aan my bekend gemaak was dat die vergadering om 14h00 gehou sal word.

Het u ooit geweet voor 26 Augustus dat Gebied 3 ook ŉ vergadering vir 26 Augustus 1984 beplan? -- Ek het nie geweet nie.

Is daar nooit gerapporteer aan die vergadering dat Gebied 3 sukkel om ŉ vergaderplek te kry vir 26 Augustus nie? -- By watter vergadering van ons?

Enige van die vergaderings, komiteevergaderings? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie. Dit is by die vergaderings wat ek bygewoon het natuurlik.

U was totaal verras om Groep 3 mense binne-in die vergadering te kry? -- In my getuienis het ek gesê dat ek het dit eers uitgevind met my aankoms by die vergaderplek dat daar ŉ gesamentlike vergadering gehou gaan word. Voor dit het ek nie geweet nie.

U/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

U het nie uitgevind daar by iemand waar kom hierdie storie nou vandaan dat die ander mense in die vergadering sit nie? -- Ek sê dan vir die Hof ek het eers uitgevind toe ek by die vergaderplek gekom het en dit was aan my gesê dat mense van Gebied 3 kan nie 'n plek kry waar hulle kon vergader het nie.

Die pamflet wat op 18 Augustus deur u gedruk is, het u enige ander oproepe gedoen aan die publiek behalwe dat hulle hierdie vergadering moet bywoon? -- Ek het hier vir hierdie Hof gesê dat ek kan niks verder in fyn besonderhede onthou van wat hierdie pamflet bevat het nie, behalwe dat dit aan die een kant geskryf was onder die hoof van "Asinamale" en een kant "Arina tjelete" en dan die vergadering bekend gemaak het dat daar 'n vergadering gehou gaan word by die Roomse Kerkterrein.

Ek wil net op rekord plaas beskuldigde nr. 17 is terug.

HOF : Dit is genotuleer.

MNR. FICK : Toe u die pamflet gaan druk het by hierdie MARS, Media and Research Services, is u ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hy het nie gepraat van MARS nie, hy het gepraat van MASA.

MNR. FICK : Die plek wat u MASA noem of MASS, is dit dieselfde plek as waar u die pamflet gaan druk het vir die vergadering van 19 Februarie? -- ja.

Ken u 'n persoon met die naam van Guy Berger? -- Nee, ek ken nie so 'n persoon nie.

U is daar deur 'n Blankeman gehelp om die pamflette te druk by MASA of MASS? -- Nee, nee, nee, dit is nie wat ek sê nie. Ons het self daardie pamflet gedruk sonder die hulp van enige ander persoon. Al wat hierdie Blankevrou

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar gedoen het was om vir Edith te wys hoe om te tik wat Edith dan gedoen het en ons het dus die res self gedoen. Sy het vir ons gewys hoe om die ander papier daar op te sit, waarvan ons die ander gemaak het om dit op die masjien te sit.

Weet u wie hierdie vrou is? -- Nee, ek weet nie.

Ek wil dan met u gaan na ŉ ander onderwerp toe. Op 20 Augustus 1984 weet u van ŉ vergadering wat gehou is aan huis van beskuldigde nr. 17 waar u by was waar Esau gerapporteer het dat die mense van Gebiede 3, 12 en Bopelong, hy hulle ontmoet het en hulle gesê het wat hulle aktiwiteite gaan wees met betrekking tot hierdie huurverhoging? -- Ek weet niks daarvan nie.

Ons weet nou ook van ander getuienis dat daar op 24 Augustus 1984 ŉ gesamentlike vergadering was tussen Gebiede 7 en 3 se verteenwoordigers? -- Ek het ook daarvan hier in die hof gehoor.

Het niemand ooit voor die 26ste aan u kom rapporteer dat daar so ŉ vergadering was en wat gebeur het nie? -- Niemand nie.

Hoe het die prosedure gewerk in daardie gebied van julle? Het julle vooraf kennis gekry wanneer ŉ vergadering beplan word of het julle mekaar gebel of hoe werk die ding? -- Daar was geen nodigheid vir kennisgewings of telefoniese in verbindingtreding van lede nie, want ek het hier gesê met die stigting van hierdie komitee was dit daar genoem dat op elke Saterdag gaan daar vergaderings gehou word. Dit het afgehang van ŉ lid of die lid in staat is om by daardie betrokke vergadering te wees die Saterdag of nie.

Nou het ek net ŉ probleem, die 24ste was nie ŉ Saterdag

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie? -- Ja, dit is reg, heeltemal reg. Ek was laas by 'n vergadering gewees die 11de. Die 18de was ek in Johannesburg gewees. Dus het ek geen vergadering bygewoon na dit nie.

HOF : Nee, maar die vraag is of u kennis gekry het? -- Nee, ek het alreeds gesê niemand het my daarvan laat weet nie.

MNR. FICK : Wat sê u nou van die 11de was u in Johannesburg? Wat probeer u vir die Hof sê?

HOF : Die 18de.

MNR. FICK : Was u die 24ste by u huis gewees? -- Ek was by die werk.

HOF : Waar werk u? -- PUTCO Johannesburg. Dit is geleë in 'n voorstad Turffontein.

MNR. FICK : Wat se ure werk u? -- Van 07h30 tot 17h30.

Maandae tot Vrydae? -- Nie net dit nie. Daar is partykeer wat ek dwarsdeur werk, Maandag tot Maandag toe. Daar is daardie weke wat ek natuurlik werk van Maandag tot Vrydag toe.

Hoe het u hierdie week gewerk tot die 26ste? Die week wat geëindig het die 25ste, die Saterdag?

K566 HOF : Maar as dit nie 'n Saterdag was nie, wat maak dit saak? As die ding in die middel van die week val, dan sou hy by die werk gewees het.

MNR. FICK : Het niemand toe u by die huis gekom het vir u gesê "Luister, daar was 'n vergadering gewees. Jy moes daar gewees het" of "Jy moet na so 'n vergadering toe gaan" nie? -- Ek antwoord nou vir die derde keer volgens wat die Hof vir my aangeraai het om te doen. Ek het gesê niemand het my dit kom sê nie, vir die derde keer.

U kom toe nou die 26ste by die vergadering aan by die Rooms Katolieke Kerk? -- Ja, dit is reg.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het u op u eie by die vergadering aangekom alleen? -- Ja, dit is die waarheid.

En het u op die verhoog gaan sit? -- Ja, ek het op die verhoog gaan sit. Ek het vir ħ rukkie daar by die verhoog vertoef en toe weer afgestaan en tussen die gehoor gaan sit.

Maar hoekom? Hoekom is u van die verhoog af? -- Omdat daar op ħ stadium meer stoele aangebring was tussen die gehoor. Dit was as gevolg daarvan dat ek besluit het om daar te gaan sit.

En voor die vergadering begin het, het julle gesing? -- Ja, daar was so ħ gesingery gewees.

Weet u wie die voorsangers was? -- Ek weet nie.

Was u die enigste voorsanger? Ek vra was daar enige voorsangers toe sê u "Ek."

HOF : Nee, hy sê hy weet nie.

MNR. FICK : O, ekskuus. Ek het verkeerd gehoor. Wat het julle gesing? -- Senzeni na, Hlanganani Basebenzi. Daardie tipe liedere.

En toe die vergadering begin, toe staan hier ħ onbekende man op? -- Ja, dit is reg.

Was u nog op die verhoog? -- Ja, ek was nog op die verhoog gewees.

Wie saam met u van Gebied 7 het op die verhoog gesit op daardie stadium? -- Nee, ek kan regtig nie meer onthou nie.

En toe u nou gaan sit in die saal uiteindelik tussen die gehoor, waar het u gaan sit in die saal? -- Probeer u nou vasstel presies waar in die middel van die gehoor het ek gaan sit of wat is die vraag?

Waar het u gaan sit? Het u teen die agterste muur

gaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gaan sit of waar het u gaan sit? -- Laat ek so sê, kortliks was ek in die middel gewees van die gehoor.

U sê die onbekende persoon wat u nou later uitgevind het is beskuldigde nr. 8, het gepraat en hy het vir die mense gesê hy vertrou hierdie gaan ʼn "peaceful meeting" wees? -- Ek sê so.

Hy het verder ook gepraat, beskuldigde nr. 8, oor die huur? -- Wat ek onthou is dat hy iets gesê het oor die huur. Ek sê nie dat hy spesifiek iets gesê het en dit is wat hy gesê het nie. Iets het hy gesê oor die huur.

Het hy enigiets gemeld oor probleme in verband met die voorsitter vir hierdie vergadering? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

As u sê u het dit nie gehoor nie, het hy dit nie gesê nie? -- Ek het hier gesê ek kan nie alles onthou wat beskuldigde nr. 8 gesê het nie. Hierdie antwoord beteken dat ek nie kan onthou of hy dit gesê het of nie.

Maar sou ʼn mens nie verwag het u sou dit onthou het want hier is ʼn wildvreemde man voor u en as hy verduidelik het, wat maak hy nou hier voor u, dan sou u dit darem seker onthou het? Hier is ʼn wildvreemde voorsitter nou skielik hier by die vergadering. Sou u nie onthou het as hierdie man verduidelik het wat maak hy hier voor hierdie vergadering nie? -- Na aanleiding van sy opmerking wat hy gemaak het dat hulle nou ʼn vergadering saam met ons kom hou het omdat hulle nie ʼn vergaderplek kon bekom nie, was vir my belangrik gewees, want dit het vir my ʼn rede gegee hoekom ons nou daar bymekaar was in hierdie vergadering saam met die mense van Gebied 3. Wat verder deur hom gesê was wat ek nie kan onthou nie, was seker nie vir my ʼn goeie rede

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om te onthou nie.

Was hy die enigste voorsitter van die vergadering? -- Ja, hy is die persoon wat die vergadering voorgesit het. Dus hy was die voorsitter.

Beskuldigde nr. 17 het u getuig was ook daar gewees. Was hy tussen die gehoor of was hy op die verhoog? -- Wat ek onthou het is dat toe hy gebid het, was hy op die verhoog gewees. Wat van hom later na dit geword het, kan ek nie onthou nie.

Verstaan ek nou, moet ek daarvan aflei dat beskuldigde nr. 17 het gebid en toe hy "amen" sê, toe weet u niks wat verder van hom geword het nie? -- As ek die vraag mooi verstaan het, was die vraag van die Staat wat het toe van hom geword. Ek sê ek was bewus van sy teenwoordigheid waar hy was toe hy gebid het en toe hy die paar woorde gesê het terwyl hy daar op die verhoog was, maar aangesien ek hom nou nie so dopgehou het om presies te sien alles wat hy doen nie, is ek nie in staat om vir die Hof te sê wat van hom later geword het nie.

U het nie weer van hom gehoor op die vergadering of gesien nie? Hy is wat u betref - dit was verby? -- Wat is nou verby? Ek verstaan nou nie daardie stelling nie, want ek sê ek het hom gehoor bid, ek het hom gesien, hy het 'n paar woorde gesê en na dit kan ek net nie sê wat van hom geword het nie.

Tot die einde van die vergadering? -- Na die vergadering uiteen gegaan het kan ek nie sê nie. Ek het hom laas gesien toe hy daar 'n woord gehad het om te sê, want wat gebeur het daar is, ek het ook maar weggegaan onmiddellik na die gesprekke daar. Sekere mense het agtergebly en verder hulle werk

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar uitgevoer.

Die woord wat hy gespreek het, is dit die woord wat hy gespreek het onmiddellik na hy "amen" gesê het? -- Ek kan nie alles onthou nie. Of hy nou onmiddellik na hy "amen" gesê het iets gesê het nie, maar hy het wel iets gesê op ŉ stadium. Dit is wat ek nie presies kan plaas op watter stadium dit gebeur het nie.

U kan die Hof hoegenaamd nie help met enigiets wat beskuldigde nr. 17 sou gesê het of wanneer hy dit sou gesê het nie, is dit reg, op die vergadering? -- Ek help die Hof deur te sê Matlole het daardie vergader met ŉ gebed geopen. Na dit het hy iets te sê gehad, maar op watter stadium kan ek nie onthou nie.

En wat hy ook gesê het kan u net so min onthou? -- Hy het VCA gepraat, maar ek is nie in staat om vir die Hof te sê presies dat Matlole van hierdie feit gepraat het en dit genoem het nie en dit en dit gesê het nie.

<u>GETUIE STAAN AF.</u>

<u>HOF VERDAAG TOT 2 MAART 1987.</u>

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.